## RESENSIES

BREMMER, R.H. 1988. Herman Bavinck (1854-1921). IRS, PU vir CHO. Verspreiders: Bestel direk van die IRS. 31p. Prys: R4,00

Hierdie publikasie is die tweede nommer in die Moderne Reformatoregalery wat onder leiding van die IRS-Publikasiekomitee uitgegee is. Die skrywer, dr. Bremmer, is 'n uitstekende kenner van Herman Bavinck. Prof. Bennie van der Walt wat die werk vertaal het, verdien eer vir sy werk. Dit lees vlot.

Bremmer se oogmerk was om op 'n populêre wyse vir Bavinck aan die lesers voor te stel. Hy konsentreer op drie aspekte, naamlik: die lewe van Bavinck, sy Skrifbeskouing en vervolgens 'n vergelyking met A. Kuyper, 'n ander groot teoloog uit sy tyd.

Op 'n interessante wyse word iets van Bavinck se ouers, sy jeug en studentejare meegedeel. Sy vader was 'n besonder bekwame mens wat, hoewel 'n Duitser van geboorte, later predikant in Nederland geword het. Hy was selfs beroep na die teologiese skool te Kampen, maar het dit nie aanvaar nie. Herman Bavinck het deur middel van sy ouers sterk bande met die Afskeiding van 1834 behou. As gevolg van sy opvoeding asook vanweë sy studies te Kampen en Leiden, was hy in die geleentheid om hom besonder goed toe te rus in die gereformeerde teologie.

Bremmer beskryf die spanningsvolle jare waarin Bavinck gelewe en gewerk het, en lig die sluier oor die woelinge agter die skerms waar geworstel is oor die vraag na die opleidingsplek vir teoloë van die Gereformeerde kerken in Nederland na die vereniging in 1892. Bavinck was lank aan Kempen verbonde, maar het later in Amsterdam as hoogleraar in Dogmatiek gewerk.

Die publikasie bring die leser onder die besef dat Bavinck inderdaad een van die groot teoloë van die gereformeerde kerke was. Hy word tereg as 'n Woordteoloog geteken. Bavinck het besondere belangstelling gehad in die leer van die Heilige Skrif en gekonsentreer op die inspirasieleer, die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament, en in die proses sy

studente bewus gemaak van die belangrikheid van eksegese en hermeneuse.

Die skrywer stimuleer moontlik die hedendaagse teoloë - wat steeds worstel met onderwerpe rondom Skrifgesag, die inspirasieleer, Skrifkritiese benaderinge en sake wat op grond van artikel 2-7 van die Nederlandse geloofsbelydenis na vore kom - om opnuut van die standpunte van Bavinck kennis te neem.

Bavinck word ook in die werkie voorgestel as homileet, opvoedkundige, filosoof en politikus. In menige opsig was Bavinck leerling van Kuyper. Hiermee slaag Bremmer daarin om 'n gebalanseerde vergelyking tussen Bavinck en Kuyper, die twee groot geeste by die wisseling van die eeu, te gee.

Die publikasie is toeganklike vir 'n wye leserskorps, nie net vir predikante en teoloë nie, maar vir elke belangstellende persoon. Dit kan dien as 'n belangrike inleiding tot 'n betere begrip van Bavinck as mens en as teoloog. In hierdie opsig behoort dit prikkelend tot verdere studie van Bavinck se grootste werk, naamlik sy vier dele oor die Gereformeerde Dogmatiek, te wees.

A. le R. du Plooy, Departement Ekklesiologie, PU vir CHO

B.J. VAN DER WALT. 1989. Antheunis Janse van Biggerkerke 1890-1960. 40 p. IRS, PU vir CHO. Prys: R5,00 direk by die IRS.

Hierdie boekie wil 'n merkwaardige Nederlandse onderwyser van 'n klein skooltjie bekend stel wat sonder universitêre opleiding deur sy unieke wysheid ongelooflike belesenheid en direkte Bybelkennis 'n nog • onbekende, maar groot rol gespeel het in sy omgang met en deur sy lang lys publikasies in die ontwikkeling van die Calvinistiese wysbegeerte. Sy gespreksgenote was mense soos Vollenhoven, Hepp, Troost, J. Ridderbos, Telder, H.H. Kuyper en andere. Janse is totaal onbekend in Suid-Afrika. As sodanig word die eenvoudige en merkwaardige Nederlandse onderwyser kortliks bekend gestel.

Die skrywer evalueer kortliks Janse se opvatting oor die mensbeeld wat die digotomie afwys (p. 15-16). Dit val op dat Janse Bybelverankerd met die Nederlands Hervormde kerk en daarna met die GKN weens die "skolastiek" van Hepp en H.H. Kuyper in botsing kom en in 1944 met Schilder en die Vrymaking saamgaan. Ds. B. Telder is vir jare sy predikant en die sentrale figuur wat oor sy opvatting oor die siel en die doodtoestand by 'n volgende afskeiding uit die Vrymaking betrokke raak.

Die werkie laat simpatie van die skrywer met sekere standpunte van Janse deurskemer en beoog waarskynlik nie 'n objektiewe evaluering nie. Dit verryk nietemin die kennis omtrent figure en hulle werk wat mens verbaas laat staan oor tot waartoe geïntegreerde Skrifkennis nie-teoloë kan lei.

Die bibliografie van Janse se werk (p. 13-16) behoort gereformeerde opvoedkundiges, filosowe en moontlik selfs teoloë te prikkel om met nuwe gedagtes na vore te kom. Die werkie is egter self te beknop om hieraan self te voldoen.

B. Spoelstra, Departement Diakoniologie, PU vir CHO